BRAUNVIEH | JOHAN VAN DER MERWE johan.vandermerwe@landbou.com

# Dalk nie die mooiste nie . . .

SA STAMBOEK STUD BOOK

**Vir drie jong susters van Vrede in die Vrystaat is vanjaar se Elite-Braunvieh-koei, Witbek Cherry 05-05, hul trots. Sy is die wenner in *Landbouweekblad* en SA Stamboek se Elite-koei-kompetisie.**





BO: Witbek Cherry met haar agtste kalf, Spitvurk, wat op die foto ses maande oud is. Volgens Hanri gee haar jongste sussie die beeste name. "Sy is die kunstige een van ons drie en kom altyd met kreatiewe name vorendag. Waar sy hulle gaan haal, weet ons nie altyd nie, maar dis altyd oulike name."

INLAS: Mnr. Hans Bester en dr. Hanri Bester-Cloete.

Die drie Bester-susters het in 2002 hul Braunvieh-stoetery as jeugskoudeelnemers begin. Hoewel dr. Hanri Bester-Cloete, 'n veearts en vennoot by die Vrede-dierehospitaal, en haar twee jonger susters, Daleen en Molly Bester, ál meer die septer in die Braunvieh-stoetery swaai, sit hul pa, mnr. Hans Bester, steeds hand by met die bestuur en seleksie in die stoetery. Hy dien ook in die raad van Braunvieh SA.

Hans se hart lê by Bonsmaras, waarmee hy al jare lank boer. In 2002, toe die drie dogters nog op laerskool was, was die Bonsmaras egter te wild vir die drie om na die jeugskou te neem. "Ons het besluit om drie Braunvieh-verse by die buurman te koop. En hier, meer as 'n dekade later, is dit die bewys van passie en harde werk," verduidelik Hans.

Die Braunviehs is oorspronklik in die Switserse Alpe as dubbeldoelras aangehou. "Hulle het die hoogste rooibloedseltelling onder beesrasse en kan dus die koue winter hier in die Oos-Vrystaat maklik trotseer," sê Hanri. Sy en haar susters wil hierdie gehardheid behou, maar meer bespiering in hul kudde vestig.

"Braunviehs is tradisioneel grootraambeeste en ons eerste koeie het ongeveer 700 kg geweeg. Cherry het 'n medium raam en weeg slegs 550 kg, maar het baie rumenvermoë en dit is vir ons belangrik in ons koeie. Ons wil wegbeweeg van die dubbeldoel-eienskappe sonder om goeie moedereienskappe prys te gee," verduidelik Hanri. Om dít te bewerkstellig, gaan die drie susters waarskynlik van die koeie se melkproduksie inboet.

## VOLGEHOUE KONDISIE


Die Besters glo daarin om koeie se kondisie heel jaar tussen 'n twee en drie op die kondisie-indeks te hou om vrugbaarheid en groei in die aanteel te verseker, veral as die beeste meer gespierd is.

"Dit is goedkoper om goeie kondisie te onderhou as om 'n koei se kondisie in die winter agteruit te laat gaan en dan weer te probeer opstoot voor sy moet bul vat. 'n Koei in 'n swak kondisie hou op ovuleer en dit duur minstens twee maande vandat haar kondisie toegeneem het voor vrugbare eierselle beskikbaar gestel word.

"Cherry het nog nooit 'n probleem met vrugbaarheid gehad nie en ons het haar nog nooit sien kalf nie. As jy op 'n oggend vroeg in September by haar kom, staan daar maar 'n gesonde kalf langs haar," sê Hanri met 'n glimlag.

Die Besters gebruik 'n kuddegesondheidsprogram wat hulle self opgestel het. "Dit begin met entings teen klostridiale siektes, wanneer die kalwers 'n maand oud is. Inentings teen spons-, milt- en lamsiekte, sowel as knopvelsiekte word jaarliks vir alle diere toegedien. Ons het ook 'n streng bosluisbestrydingsprogram, aangesien ons in 'n strawwe rooiwatergebied boer. Om gesondheid en goeie immuunstelsels 'n hupstoot te gee, kry die Witbek-Braunviehs vitamien- en mineraal-aanvullings in die winter." LBW

### PLAASINLIGTING



**LIGGING:** Vrede, Vrystaat

**NAAM:** Sussiesdeel

**STOETNAAM:** Witbek Braunvieh-stoetery (altesame 65 diere)

**VERTAKKINGS:** Braunvieh-stoetery

**VELDTIPE:** Suurveld

**RANTSOEN:** Fosfaatlek op natuurlike weiding in die somer en in die winter mieliereste en hooi met 'n proteïenlek en produksielek vir die koeie wat klaar gekalf het.

**GEMIDDELDE REËNVAL:** 700 mm-1000 mm per jaar

### ELITEKOEI-INLIGTING

| | |
|---|---|
| ID | HB 050005 |
| Geboortedatum | 23/09/2005 |
| OEK[1] | 26 maande |
| TKP[2] | 358 dae |
| RI[3] | 118 |
| Aantal kalwers | 8 |
| Gem. speenindeks | 102 |
| Teelwaarde-indeks vir speen | 81 |

[1]OEK: Ouderdom met eerste kalf; [2]TKP: Tussenkalfperiode; [3]RI: Reproduksie-indeks.

NAVRAE: Me. Daleen Bester, sel 083 469 1258; e-pos: daleen22bester@gmail.com; bester@mail4all.co.za.

KYK DIE VIDEO
Kyk hier na 'n video van die stoetery.
Landbou.com
Boer vooruit.